
# GELOOF In Die Woord

**Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17**

*"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14*



# FAITH In The Word

**Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17**

*"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14*


**POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za**

September maand word altyd verwelkom as die maand van die jaar wat nuwe groei bring en met die verfrissing van September, word ons harte met verwagting vervul soos ons al die skoonheid van die natuur rondom ons aanskou! September is die maand wanneer Die Fees van Tabernakels in Israel gevier word en gedurende die tyd het die Here Sy volk opdrag gegee om voor Hom te juig en met blydskap fees te vier! Ons lees in **Lev. 23: 40: En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees.** Die Here, ons Skepper weet hoe noodsaaklik dit vir Sy kinders is om tye van verkwikking en blydskap te hê, omdat die blydskap van die Here ons krag is! (**Neh. 8: 10)**

Ons lees ook in **Spreuke 17: 22** dat: **'n Vrolike hart bevorder die genesing, maar 'n verslae gees laat die gebeente uitdroog.** Hierdie waarheid in die Here se Woord dui die belangrikheid om 'n vrolike hart te hê aan wanneer ons glo vir ons genesing! Al mag dit moeilik klink!

Op hierdie punt mag jy sê dat selfs as dit waar is, is daar baie min in my lewe op die oomblik om vrolik oor te wees, veral in die tye waarin ons leef. My antwoord aan jou is dat elkeen van ons vreugde kan vind in die kleinste gebeurtenisse en eenvoudigste dinge in ons daaglikse lewe, **as** ons gewillig is



# die blydskap VAN DIE HERE is jou krag!

**"...Die Here, ons Skepper weet hoe noodsaaklik dit vir Sy kinders is om tye van verkwikking en blydskap te hê, omdat die blydskap van die Here ons krag is! (Neh. 8: 10)..."**

om ons oë oop te maak en hulle te sien, hulle te erken, bewus te word van hulle en dankie te sê vir hulle! Die Here is lief vir 'n dankbare hart, iemand wat sy seëninge tel en aan Hom dank te bring ongeag van die omstandighede! **Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle (1 Thess. 5:18)**.

Daar is altyd baie waarvoor ons, ons Here kan dank en dankbaarheid en Blydskap is maats. Die woordeboek beskryf BLYDSKAP as: **" 'n Gevoel van vreugde ".** Die Here weet in Sy oneindige wysheid dat wanneer ons kies om die houding van blydskap te vertoon, sal ons nie net ekstra krag hê nie maar dat dit as medisyne dien, wat goeie gesondheid bevorder! Die Woord van die Here is vol skrif wat Sy volk, regdeur die eeue, aanspoor om BLY te wees! Die woord "blydskap" kom natuurlik van die woord "bly" en dit beteken: **"gelukkig, verheug, vrolik".** Die Here se volk het hulle verheug elke keer wanneer hulle oorwinning oor hul vyande behaal het en met voorsiening in tye van gebrek. Maar die Woord verwag ook dat ons, ons in die Here moet verheug vir wie Hy is en omdat Hy Here van alles is! **.... maar jy sal juig in die HERE, jou beroem op die Heilige van Israel (Jes. 41:16).** Ons juig in Hom net omdat dit vir Hom welbehaaglik is en gevolglik is Sy gunstige reaksie verseker. Ps. 33 vers 1 vermaan ons om: **O regverdiges, jubel in die HERE! 'n Loflied betaam die opregtes.**

Ons het daardie wonderlike Skrifgedeelte in die Boek Habakuk wat ons houding te alle tye moet wees: **Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom sal teleurstel en die saailande geen voedsel oplewer nie, die kleinvee uit die kraal verdwyn en geen**

*(Vervolg op Bl. 2)*

*(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Blydskap van die Here)*
**beeste in die stalle sal wees nie-- nogtans sal ek jubel in die HERE, ek sal juig in die God van my heil. Die HERE Here is my sterkte, en Hy maak my voete soos dié van herte, en Hy laat my tree op my hoogtes (Hab. 3:17-19).**

Die groot geestelike waarheid in hierdie boodskap van die profeet Habakuk is dat ongeag van die situasie waarin ek myself bevind, **" tog sal ek juig in die Here"** omdat Hy nie net **" my sterkte"** is nie, maar Hy sal veroorsaak dat ek oorwin en **"Hy laat my tree op my hoogtes"!** Hy sal my inderdaad uit die ongunstige situasie waarin ek my bevind uitlig, of dit finansiële, huweliks, gesondheids of enige ander probleem is. Ek moet juig ten spyte van, omdat Hy my Here **IN** die situasie is en Hy is Here **VAN** die situasie! Die Here ken die geestelike werklikheid en dit is waarom Sy Woord ons vertel in **1 Thess. 5:16: Wees altyddeur bly.** En Hy herhaal hierdie belangrike waarheid tot ons voordeel in **Fil. 4:4: Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!**

Dan waar van die Here Jesus gepraat word lees ons in **1 Pet. 1: 8-9: vir wie julle, al het julle Hom nie gesien nie, tog liefhet; in wie julle, al sien julle Hom nou nie, tog glo en julle verbly met 'n onuitspreeklike en heerlike blydskap, en die einddoel van julle geloof, die saligheid van julle siele, verkry.** Wanneer ons, ons in die God van ons verlossing verbly, die Here Jesus Christus, ontstaan die lof wat Hom toekom in ons harte en Hy reageer in krag op ons lofuiting! Die definisie van **lof** is: **"om te prys, die eienskappe van iemand te verhef".**

Wanneer jy die Here met jou lofprysinge verhef, word Hy daardeur aangetrek en haas Hy Hom om te luister en te reageer. Dit is omdat die Here onder die lofsange van Sy volk woon. **(Ps. 22:4) Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel!** Ons ken die verhaal van die wonderlike oorwinning van Josafat en sy weermag, waar die Here hulle gedugte vyande, wat teen hulle opgestel was met geweldige wapenrusting en wapens, verslaan het. Die Here het vir Josafat belowe dat die geveg Syne was, so het Josafat die sangers en musikante voor die soldate geplaas en soos hulle aan die voorpunt marsjeer het en lofliedere tot die Here gesing het en Sy Heilige Naam verhoog het, het Hy verwarring midde in die vyand gestuur en het hulle teen mekaar gedraai en mekaar dood gemaak en Josafat en sy mans het nie nodig gehad om 'n vinger te lig om teen hulle aanvallers te veg nie!

**2 Kron. 20: 21-22: En hy** (Josafat) **het met die volk beraadslaag en tot eer van die HERE sangers opgestel wat, in heilige sieraad, moes lofsing en by die uittrek op die voorpunt van die gewapendes moes sê: Loof die HERE, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid! En op die oomblik toe hulle die gejubel en die lofsang aanhef, het die HERE 'n hinderlaag opgestel teen die kinders van Ammon, Moab en die mense van die gebergte Seïr wat teen Juda gekom het, sodat hulle verslaan is.** Lees die hele verhaal van die magtige oorwinning van die Here vir Sy lofprysende volk in hoofstuk 20 van die Boek 2 Kronieke. Die Woord vertel vir ons in 1 Kor. 10: 6 dat die dinge wat die Israeliete in die verlede ondervind het dien as voorbeelde vir ons, sodat ons daaruit kan leer! Wat 'n wonderlike les kan ons leer van Josafat en sy weermag wat hulle blykbaar onversetlike vyand met lofliedere trotseer het! Daar is krag deur die Here te prys, veral wanneer jy jou ergste vyandige aanval in die gesig staar en jy nie weet na watter kant om te draai nie! Dit is die tyd om jou oë en stem na die Here op te hef en Hom te verhoog in die middel van die geveg en sien hoe Hy vir jou veg! Vir my persoonlik is dit die hoogste vorm van dankbaarheid, wat selfs ek, as 'n aardse vader van my geliefdes begeer.

Ons lees in Sam. 16: 14-23, waar Koning Saul deur 'n bose gees in besit geneem is en toe Dawid vir hom gespeel en gesing het, die gees hom verlaat het en hy weer kalm geraak het. Ons het 'n soortgelyke ondervinding met 'n vrou gehad wat betrokke was in die aanbidding van die "god" van baie verskillende godsdienste, sy het toe besef dat Jesus die een en enigste ware God was wat haar kon red en bevry. Sy het haar hart aan die Here Jesus gegee en is totaal gered, maar die duiwel wat haar meester vir so lank was, wou nie sonder 'n geveg opgee nie. Sy het gesê dat Satan en sy demoniese geeste haar gehoon het en probeer het om vrees oor haar te bring, veral in die nag wanneer sy probeer slaap het, dus het sy aanhoudend lofprysings musiek op haar kassetspeler op haar bedkassie gespeel en hulle kon nie naby haar kom nie. Satan en sy demoniese kragte bly nie daar waar die lof van ons Here uitgeroep word nie! Satan begeer die lofprysing wat verskuldig is aan ons Here, en dit is waarom hy musiek ingestel het wat hom eer en loof, soos dit wat deur "rock" sterre uitgevoer word. Dit word gewoonlik met dwelms, seks en wetteloosheid geassosieer en die woorde van die liedjies is dikwels liederlik wat rebellie aanmoedig en sonde aanmoedig. Die sataniese lofprysing (alhoewel baie wat deelneem onbewus is van wat dit regtig is), roep ook groot krag op, maar die krag het bose vernietiging tot gevolg. Lofprysing tot ons Here is suiwer en heilig, en bring krag uit die hoogte!

Die rede waarom Christene die geestelike waarheid so moeilik vind om te aanvaar en te gehoorsaam, is omdat die heel laaste ding wat enigeen "voel" om te doen, wanneer jy midde in 'n krisis deur 'n vyandige aanval is, is om hardop te sing en die Here te prys! Dit lyk so geveins en belaglik of soos 'n volstruis met jou kop in die sand, maar dit is presies wat jou vyand, Satan, wil hê jy moet dink. Hy vertrou op die feit dat jy jou deur jou emosie sal laat lei of deur wat jy kan sien, voel of met jou beperkte begrip kan verstaan en nie deur die Here se opdragte in Sy Woord van hoe jy oorwinning kan ondervind midde in die vyand se aanval! Die **Here weet** dat deur Hom te verhoog deur lofprysing ons die oorwinning sal verkry, die **duiwel weet** dit ook, waarom neem dit dan die Here se kinders so lank om dit te verstaan en dit

*(Vervolg op Bl. 6)*

# Praise – an Attitude and an Action



**"...Praise overcomes the enemy. (Psalm 8:2) Praise reaches your very soul. Praise frees us in our personalities and in our relationships with others. Praise is for EVERYONE. It requires no great skill in singing. It is spontaneous, unrehearsed outbreaks of rejoicing..."**

The Feast of Tabernacles as described in Lev. 23:33, is the "Feasts of Feasts" of the Lord and it lasts seven days. This year, 2009, it is being celebrated from the 3rd of October. It is the ultimate festival on the Lord's calendar, and evokes greater celebration, greater abundance, the best and most of food, music, colour, fellowship, dancing and praise. If you have been blessed enough, as Meg and I were, to have been in Israel during this time, you will experience the joy that is manifest. This is a glorious time. It is fulfilling, happy, resounding with a sense of victory. Those who celebrate the Feast of Tabernacles have a sense of oneness with the Lord – of delighting in Him fully and completely, of satisfaction in His presence and of total reliance upon Him for provision.

Jesus celebrated the feast of Tabernacles and we read in John chapter 7 that He made some of the most profound and far reaching statements of His entire earthly ministry while attending the Feast in Jerusalem. On the 7th day of the Feast, as the water ceremony reached its climax, Jesus stood and cried: **"If anyone thirsts, let him come to Me and drink. He who believes in Me, as the Scripture has said, out of his heart will flow rivers of living water." (John 7:37-38).** Most Biblical scholars agree that it was during the time of the feast of Tabernacles that Jesus was born. We read in **John 1 verse 14: And the Word** (Jesus) **was made flesh, and dwelt** (tabernacled) **among us, (and we beheld His glory, the glory of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.** Many believe that it is most likely to be during the time of this special feast of the Lord that Jesus will return! These two events are sufficient reason alone for us to rejoice and to celebrate, but in addition to them, it is a COMMAND of the Lord that we MUST be glad and joyful particularly at this time! The Lord knows that it is needful for His people to celebrate and rejoice at given times, because that is our strength (Neh. 8:10). Therefore there is one theme and one theme alone which permeates the entire Feast of Tabernacles during the 7 days of the feast, and that theme is PRAISE! Praise to the Lord for who He is - the eternal I AM, Almighty Lord of Heaven and earth! Praise for His magnificent deeds on our behalf! Praise for the promises He will fulfil in our lifetime! Praise to Jesus for all that He is in our lives today all He has done for us on the cross! **How shall we rejoice?** Let's recognise that praise is voiced. It is expressive. It is exuberant. It is a physical manifestation. Praise is worshipping with "every fibre of our being." When we praise the Lord, we are not trying to show how religious or righteous we are as Christians, because the focus must be upon **Jesus**, not upon ourselves. Neither are we in fear of losing our reputations. Praise is realising that we have abandoned everything to the Lord and we are totally at His pleasure. Praise requires complete personal freedom. It requires centring in on **Jesus** – with no thought for self, fame, fortune or future.

Body language is the foundation for our verbal expressions. It is the most basic form of communication, and the Lord loves our physical expressions of worship unto Him, and we read the following:

**Clap your hands all ye people … (Ps. 47:1); Shout unto God unto the Lord….. (1 Tim. 2:8); Bow before Him, worship and adore Him….. (Ps. 95:6); Lift up your heads all ye people of the Lord….. (Ps. 24:9); Sing aloud on their beds (Ps. 149:5)**

Praise is an utterance. It is never done in silence. You may have quiet times for contemplation. You may sit silently in His presence with awe. But the very nature of praise is a loud joyous celebration. In fact, the name "Judah" – from which the word Jews comes – means "praise to the Lord, celebrated" in the Hebrew language. The Lord has desired from the beginning that the leaders of His chosen people on the earth would be people whose mouths were filled to overflowing with praise. It is Judah that was the tribe encamped at the entrance to the Tabernacle of Moses. It is Judah who led in battle, with singers and dancers leading the way. Praise overcomes the enemy. (Psalm 8:2) Praise reaches your very soul. Praise frees us in our personalities and in our relationships with others. Praise is for EVERYONE. It requires no great skill in singing. It is spontaneous, unrehearsed outbreaks of rejoicing. Praise is often accompanied by music. Read praise worship at the time of the Psalmist: lute, trumpet, harp, timbrel, stringed instruments, flutes, loud cymbals, high sounding cymbals.

Praise is for today. Praise is for you! And because praise is first and foremost a personal matter, you can rest assured that you can keep the essence of the Feast of Tabernacles in your own heart no matter what those around you maybe doing. The feast of Tabernacles, also known as Succoth, is a much larger celebration than any one church group… or denomination… or nationality. It is a festival that cannot be boxed in, labelled, and shelved as belonging to any particular place, denomination, or group.

Praise cannot be contained. Praise can come from any vessel yielded to the Lord. **Jesus** is always central to our praise. (Rev. 5:12)

Praise is an attitude and an action. It is also an atmosphere that you can create around yourself. Those individuals who personally dwell daily in a "Succoth of praise" will have their mind "stayed on God" and the promise to them is perfect peace. **Is. 26 verse 3.**

*(Continued on page 4)*

*(Continued from page 3 - Praise…an Attitude and an Action)*

As you go about your daily activities keep praise music filling your mind. Have it playing by radio, tape or CD – in your home and car. Sing along! Memorise the words and quote them aloud as unto the Lord as you go about your daily chores. Create a "dwelling space" of praise around you!

With an attitude of praise, you can even begin to make up your own songs to the Lord. This may mean adding a simple melody to a psalm that you have memorised. It may mean taking a praise expression, such as "hallelujah", "hosanna", or "praise the Lord" and adding a line of melody to it. You don't need to be concerned about making up lines that rhyme. You don't need to be worried about musical composition. Any melody and any words you choose can be a praise offering to the Lord. Become accustomed to hearing the sound of our own voice lifted in praise. Even though these praise expressions may sound simple to you at first, keep praising! It is always pleasing to the Lord. (And you'll have all eternity to improve!)

Also sing in your personal prayer language given by the Holy Spirit. Sing in the Spirit for a while, and then sing in your own language for a while, as Paul described in 1 Cor. 14:15

Especially when you don't feel like praising the Lord, read and sing praises anyway! This is a time for absolute obedience, the choice is always yours. As you Praise and sing, the feeling of love for Jesus and His joy for you will overflow and wash away the anxiety and cares you feel. **"The Lord your God in your midst, The Mighty One, will save; He will rejoice over you with gladness, He will quiet you in His love, He will rejoice over you with singing." (Zeph. 3:17)**

We praise the Lord in remembrance of what He has done for us. We praise Him for our protection, because we can trust Him to protect us both naturally and supernaturally. We have the name of Jesus to use in withstanding our enemy, Satan. We need only to read Psalm 91 in order to take courage from the Lord's promised protection.

We praise Him for His provision. He provided for the children of Israel in the wilderness, food, water, clothing and health. Their shoes did not wear out, and what He did for them, He will do for us as His children. As believers in the Lord Jesus today, we can know His promise of provision in our lives. On the natural level, we too can trust Him to provide the food, water, clothing, freedom from disease and shelter we need during the coming years. We can trust Him to provide ways to escape the plagues and pestilences that now exist, even Swine flu! We can trust Him to provide safety for us and our families.

We can also trust the Lord to provide the spiritual nourishment that we require – to give us fellowship, access to His Word, and spiritual refreshment. We can also trust Him to provide in us the fruits of His nature as we work and glean in His fields. Above all we can trust in the fact that **Jesus does not change… yesterday...today...forever! Heb. 13 verse 8.**

We praise Him for His promises, which are yea and amen, because His Word is forever established and He assures us that He and His Word are one. Jesus is the Living Word, and because He never changes, neither does the Word. We can be assured that the Lord will never break His Word, nor will it return unto Him void, but it will accomplish that which it is meant to do. **Is. 55 verse 11.** You can, with great assurance and trust, rely on His unfailing promises. Of course, the ultimate fulfilment of His promise will be the return of Jesus. Our Kind of King's and Lord of Lords. The Feast of Tabernacles speaks prophetically of the return of Jesus, so let us be glad, and rejoice, and as we rejoice at this time of the year in the Lord's calendar, let us make a quality decision to become a praising people!

**Psalm 150: Praise the Lord! Praise God in His sanctuary; Praise Him in His mighty firmament! Praise Him for His mighty acts; Praise Him according to His excellent greatness! Praise Him with the sound of the trumpet; Praise Him with the lute and harp! Praise Him with the timbrel and dance; Praise Him with stringed instruments and flutes! Praise Him with loud cymbals; Praise Him with clashing cymbals! Let everything that has breath praise the Lord. Praise the Lord!** □

## Spesiale Woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

## GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

*Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.*

***

*There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.*



# Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek wil vandag net al my lof, dank en eer aan ons Hemelse Vader gee vir die werk wat Hy vir Dirkie my seun gegee het. Ek het 'n faks na julle toe gestuur en gebel om te vra julle moet vir hom en Fanie bid vir werk. Sewe maande en ons het aangehou bid. Die Here het vir Alida werk gegee (Dirkie se vrou), en Donderdag die 22 Mei het hy ook werk gekry by dieselfde firma as sy vrou. Dankie Jesus en ook baie dankie vir al julle gebede. Al die lof en eer aan Jesus. Met liefde

**Mev M de Swardt, Warden (5 April 09)**

Dear Dr van Zyl,

I had a phone call from Lottie Bruck, from Jerusalem. She came to have you pray for the healing of her liver many, many years ago. She asked that I would tell you, since she was prayed for, she has never had another attack. She is very thankful, especially as she is now 90 years, and values the health that she has. She sends many thanks from Jerusalem. May God keep blessing you and the minisitry He has given. Kindest regards.

**Rose MacKenna, Rondebosch**

Ek wil net laat weet dat ek baie opgewonde was om te hoor nadat julle vir my suster gebid het dat haar bloeddruk vir die eerste keer in 6 jaar normaal is! Prys die Here, aan Hom al die ere!

**Susan Pienaar, Benoni Wes**

Graag wil ek van die geleentheid gebruik mak om u te bedank dat u ingetree het in gebed. Ek het vir die laaste 8 jaar vergroeisels gehad in my vrouedele wat onlangs versprei het na my kolon en blaas. Ek het heelwat operasies gehad om dit te verwyder. Alhoewel nie kwaadaardig , het dit baie skade veroorsaak. Ek het die laaste paar weke opreg en met geloof en afwagting op Sy goeie werk voor Hom gestaan, begin nagmaal neem, sondebelydenis gedoen en verlede week het ek vir die eerste keer 'n skoon sonar gehad, 1000% sonar. Ons dien 'n Verlosser wat vir ons genesing gebring het deur Sy wonde aan die kruis.

**F Vorster, Raslouw**

Dit is met groot vreugde asook 'n dankbare hart vir die Here, dat ek vir u almal wil dankie sê vir al u gebede vir Rudolph. Die Here het Rudolph se lewer totaal en al genees. Die sonar getuig dat daar geen gewas is. Rudolph is reeds ontslaan uit die hospitaal uit. Hy sterk tans aan by sy familie. Trouens, binne die eerste week was hy al uit ICU. Hy kon al eet, self sy bed opmaak en laas week selfs in die hospitaal rondgewandel. Dit is 'n wonderwerk wat die Here gedoen het en hoe vinnig hy herstel het. Geestelik hou die Here Rudolph se hand styf vas. Dankie vir die pad wat u en die span gestap het saam met ons die afgelope tyd.

**Santi, Bredasdorp (6 Junie 09)**

Geagte Dr James en al die wonderlike mense by die sentrum,

Met 'n hart wat oorloop van vreugde wat die Here gedoen. Op die 30 September 2008 het ek die sentrum gebel, my man moes gaan vir 'n 5 uur hartomleiding die vrees was maar daar, hy is 77 jaar oud, maar dankie ek het die vrees weggebid. Die Here het hom genees. Hy is spring lewendig, geen nagevolge. Prys ons Jesus! Ons dien 'n groot God, by Hom is niks onmoontlik.

Groete en liefde vir almal by die Sentrum.

**Mev T Herculene, Drie Riviere (30 Maart 09)**

Dankie Dr James en span vir al julle gebede vir my. Ek het laas jaar September 'n bestraling pil gedrink vir kanker kliere wat in my nek was. My aanstaande skoondogter het gefaks en gebed gevra dat die uitslag negatief sal wees. Ek het laas maand gegaan vir die uitslag en dit was toe negatief. Baie dankie vir almal wat vir my gebid het, ek waardeer dit opreg. Sterkte vir almal. Liefde groete.

**Mev B Fourie, De Rust**

Die Here is wonderbaar. So baie keer het God my gebede verhoor, sonder dat ek dit verdien, want ek is maar 'n eenvoudige mens. Ek staan so bitter klein voor God. My broer Piet Renke van Pretoria is heeltemal gesond van nierversaking, 'n vergrote lewer ens. Bid asseblief dat hy nooit weer sal drink nie, en dat hy die liewe Heer se Hand stryd sal vashou. Dankie vir al die gebede!

**Nellie Steyn, Welverdiend**

Dr James en gebedspan, ek het pas vernoem dat Adriaan van der Westhuizen se ogie (hy is 9 jaar oud) na die ongeluk met die paintball heeltemal herstel het, geen skade oorgehou! Prys die Here vir Sy groot Genade!!

**Ella Boshoff, Vanderbijlpark (12 Junie 09)**

Dr James, die Here het jul om my pad gestuur om oor my te bid. Ek het dit baie nodig in die liefdelose wêreld. Baie dankie vir al die gebede en al die genesings. Ek bid ook dat die Here jul sal

*(Vervolg op Bl. 6)*

*(vervolg vanaf Bl. 2 - - Die Blydskap van die Here…)*
toe te pas? Die Here se weë is nie soos die mens se weë nie.

**Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely (Heb. 13:15). Ek wil die HERE altyd loof; sy lof sal altyddeur in my mond wees (Ps. 34:2).** Ons moet besef dat wanneer ons die Here prys, gee ons eintlik aan Hom die lof! **Ps. 50:23** sê: **Die een wat dank offer, eer My; en die een wat op sy weg ag gee, hom sal Ek die heil van God laat geniet.** Wanneer ons aan die Here opregte, ware lof uit ons harte bring, sal dit Hom altyd verheerlik. **Loof, volke, onse God, en laat hoor die stem wat Hom roem (Ps. 66:8).**

Ek onthou baie goed hoe deur die Here te prys by 'n genesingsdiens in Moreletta Park, Pretoria, 'n paar jaar gelede – 'n dooie opgewek is! Ek was net klaar met die boodskap van die Kruis en Goddelike genesing en het net begin om vir die siekes op die verhoog te bid waar die hele gemeente die Here se genesing kon sien plaasvind toe daar skielik 'n opskudding in een van die paadjies was. Ek het dadelik besef dat iemand in nood was en ek het van die verhoog afgespring en hom te hulp gesnel. 'n Man wat vir gebed vir sy swak hart gekom het, het ineengestort. As mediese dokter kon ek dadelik sien dat hy dood was, geen pols en geen asemhaling. Soos ek op die magtige Naam van Jesus roep en Hom vra om lewe in die man se liggaam te herstel, was Meg my vrou en die aanbiddingspan nog op die verhoog en sy het die musikante gevra om die Here te begin loof met alles in hulle! Hulle het die Naam van Jesus verhoog deur met oortuiging daardie wonderlike koortjie "There is power in the Blood of Jesus" hard te speel en te sing. Terwyl hulle Jesus geloof het, het ek met die magte van die duisternis wat die man se lewe wou neem , geworstel. (Want nadat hy lewendig geword het, het hy ons vertel dat hy nog nie sy lewe vir Jesus gegee het nie). Soos die lofprysing toegeneem het en ek op daardie Naam bo alle name geroep het, het lewe teruggekeer na die kosbare man en ons gee al die eer aan die Here! Later toe ek mense wat nog nie vir Jesus ken geroep het om Hom aan te neem, het die man opgestaan, lewendig en gesond en het Jesus sy Here gemaak! Loof Sy Heilige Naam. Ek het gevoel dat ek hierdie bepaalde getuienis met jou wil deel, nie net om eer aan die Here te bring nie, maar om te wys hoe belangrik die krag van lofprysing is wanneer ons gekonfronteer word deur die vyand en in geestelike oorlogvoering is. Lofprysinge aan die Here druk altyd die magte van die duisternis terug!

Psalm 149 sê vir ons dat met ons **lof verheffinge** en 'n twee snydende swaard (die Woord van die Here) in ons hand, is dit vir ons moontlik om alles van die vyand te oorwin.

**Halleluja! Sing tot eer van die HERE 'n nuwe lied, sy lof in die vergadering van die gunsgenote!**

**Laat Israel hom verheug in sy Maker; laat die kinders van Sion juig oor hulle Koning! Laat hulle sy Naam loof in koordans, Hom psalmsing met tamboeryn en siter. Want die HERE het 'n welbehae in sy volk; Hy versier die ootmoediges met heil. Laat die gunsgenote juig in heerlikheid; laat hulle jubel op hul bedde. <u>Lofverheffinge van God is in hulle keel,</u> en 'n tweesnydende swaard in hulle hand; om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke; om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie; om 'n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek. 'n Eer is dit vir al sy gunsgenote! Halleluja! (Ps. 149 :1-9).**

By die Sentrum ontvang ons so baie gebedsversoeke wat vra dat ons vir mense moet bid wat aan depressie ly en hulle wat neergedruk word met alle soorte probleme. Baie met angs en selfs sommige wat so desperaat is dat hulle hul eie lewens wil neem. As hulle net wou begin om die Here te prys en hul in Hom te verbly, (en hul gedagtes aanhoudend forseer op die lofprysing van die Here, wat die gedagtes van Satan mettertyd totaal sal vernietig), sal hulle vreugde terugkeer en so ook hul krag! Die Here is altyd teenwoordig waar Hy 'n

*(Vervolg op Bl. 8)*

*(Vervolg vanaf Bl. 5— Ons God van wonderwerke )*
seën. Ek het niks meer pyn in my arms en borste nie. Baie, baie dankie net wonderwerke. Al my liefde aan julle. Baie dankie Dr James.

**E Mostert, Strand**

Die Here is groot en goed en ons bring Hom al die eer en aanbidding. U het so 'n ruk terug vir klein Nadia Karstel gebid, sy het bloedvergifting met geboorte gehad. Die pediater het haar baie goed ondersoek na 6 weke en geen nagevolge oorgehou sy is gesond. Prys die Here!!

U het voorbidding vir my skoonseun en dogter gebid. Hy het by Angus diens sy hart aan die Here gegee asook sy tiener seun. Toe hulle terug is van Angus het Willem se vrou Yolandia en haar tiener dogters die aand by Pastoor Wally hulle harte vir die Here gegee. So 2 weke gelede het ek by die doop bad gestaan toe pa, seun, ma en 2 dogters gedoop word, asook nog 2 ander kleinkinders. Dit was 7 wat gedoop is. Prys die Here, dit is 'n wonderwerk. Hulle is bevry van rook en drank. Loof die Here!!

**Mev M Niemand, Bloemfontein**

Ek het u boekie Die Nagmaal en Genesing gelees, waarna my hele denke i.v.m. verander het vanaf 'n sombere, swaarmoedige en skuldige gebruik tot 'n dankbare, vreugde maaltyd! Baie dankie aan u, aan God die eer! Byvoorbaat baie dankie. Groete

**Mev M Lambrechts, Velddrif (1/07/09)**


# NOTICE

**We strongly recommend that you read our book "A Woman after God's own Heart", in the light of current local and world wide events, and the distortion and reversal of the role of the woman according to God's Word.**

**Book no. 68 @ R16.00.**

**It is also available in Afrikaans "Die Vrou na God se Hart", Boek nr. 69.**



# uit **Dr James** se kantoor

Geliefdes,

Ek het kort gelede met my vrou, Meg, gedeel dat 'n sekere skrif reeds vir 'n aantal weke baie in my gedagtes was, en dat ek baie diep gedink het oor die betekenis. Soos ek daaroor nagedink het, was dit asof 'n hernude begeerte vir 'n groter geloof in Jesus en die Woord in my ontwaak het. Die skrif waaroor ek gemediteer het is Lukas 18:8, die woorde van Jesus aan Sy dissipels .... **as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind?** Dit is so 'n bekende vers in die Bybel en een wat baie keer aangehaal is, maar deur diep daaroor vir 'n tyd te dink, het ek begin wonder wat se soort geloof sal vir Jesus welgevallig wees wanneer Hy terug kom. Daar is so baie verhale van wonderlike wonderwerke in die Bybel, van die skepping, die opening van die Rooi See, die manna uit die hemel, die son wat stil gestaan het, tot by die blinde wat sy sig ontvang het, die verlamdes wat loop en Lasarus wat na vier dae uit die dood opgewek is! Ek het geredeneer dat die Here van die Bybel nie verander het nie, die Woord sê vir ons in Heb. 13:8: **Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid,** dus waarom is dit so dat ons Hom so dikwels beperk deur ongeloof wanneer ons bid? Glo ons werklik dat Hy aan 'n hartlyer 'n nuwe hart sal gee as ons Hom in geloof vra? Of 'n emfiseemlyer nuwe longe? O, ons almal sê dat ons glo dat Hy KAN en by MAGTE is, maar glo ons werklik dat dit sal gebeur wanneer ons bid? Jesus het vir Sy dissipels in **Markus 11:24** gesê: **Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle *dit* sal ontvang, en julle sal *dit* verkry.** Eenvoudig gestel, glo wanneer jy bid en jy sal ontvang het Jesus gesê. Hy het ook gesê in **Mark. 11:23: Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see--en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur--hy sal verkry net wat hy sê.** Ons ken hierdie vers so goed, tog bly daar dikwels daardie twyfel in ons hart. Natuurlik word die sleutel tot Mark. 11 verse 23 en 24 in vers 22 gevind wat duidelik verklaar: **Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê.** Die soort geloof waarna Hy sal soek wanneer Hy terug kom.

Toe Jesus na Sy eie tuisdorp, Nasaret, terug gegaan het, nadat Hy baie siek mense genees het en baie wonderwerke verrig het, was die mense wat Hom geken het nog vol twyfel en ongeloof. Lees dit gerus in Markus 6: 1-6: .... **En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het. En Hy was verwonderd oor hulle ongeloof.** Die Bybel sê vir ons in **Kol. 1:16: want in Hom** (Jesus) **is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape.** En omdat dit waar is, waarom is dit so moeilik om genoeg geloof te hê om te glo dat wat ook al ons van Hom vra, volgens Sy wil, sal gebeur? Die waarheid is dat ons geneig is om Sy vermoë te beperk as gevolg van ons swak denke, ons redenasie en ons onvermoë om Sy grootheid, mag en skeppende krag te begryp. In werklikheid verlaag ons Hom tot die vlak van ons begrip. Verstaan asseblief dat ek niemand veroordeel nie of skuld gevoelens wil veroorsaak nie. In teendeel, ek wil elkeen van ons aanmoedig om weereens die Grootheid van ons Here en die onfeilbaarheid van Sy Woord te oordink. In die begin was die Woord (Jesus) – die Woord was met God - en die Woord was God - en die Woord het vlees geword. (Joh. 1:1 en 14)

Oor die jare van bediening, het ek die Here se grootheid en getrouheid van voorsiening in elke area van die lewe, vanaf finansies, beskerming en leiding tot wonderwerkende genesings gesien. As 'n mediese dokter het ek gesien hoe die Here verstommende genesings doen wat die mediese professie verstom het, ver bo wat ek kon hoop of droom, maar nou wil ek hê dat ons Hom vir selfs groter dinge moet kan glo en om alle beperkinge wat ons onbewus op Hom geplaas het te verwyder. Begin om jou geloof in die Here te beoefen deur dat Hy in die skynbaar onherstelbare huwelik sal onderneem, daardie geweldige finansiële krisis, in die lewe van daardie dwelm of alkoholiese familielid of vriend om hulle volkome te bevry. Jy het dalk al vir jare vir daardie geliefde gebid wat vasgevang is in seksuele perversie of die parapleeg in 'n rolstoel. Maak nie saak wat die situasie is nie, het geloof in die Here Jesus Christus om te doen wat ook al nodig is wanneer jy bid. Begin die soort geloof beoefen waarna Hy sal soek wanneer Hy terug kom. Die God wat ons dien is magtig, Hy is die Skepper van die Hemele en aarde en Hy leef om die gebede van Sy volk te beantwoord wie Hom sal vertrou vir wat onmoontlik lyk, omdat NIKS vir Hom onmoontlik is nie! (Mark. 21:22). Prys Sy wonderlike Naam! Bestudeer Sy Woord en raak bewus van Sy begeertes en opdragte. Jesus het vir Sy dissipels in Joh. 14: 12 gesê dat "hierdie werke sal julle doen en groter werke ".

Ek wil julle bedank vir jul volhardende gebede vir ons soos ons uitreik na die verlorenes en die Lewe bedien wat Jesus voor gekom het om te gee vir hulle in nood. Jul gebede is baie kosbaar vir ons en hou ons arms omhoog. Ons bid elke oggend vir julle en dank die Here vir julle. Ek wil julle ook bedank vir julle ondersteuning en om dit vir ons moontlik te maak om aan te hou in die Here se werk waarvoor Hy ons geroep het tot Sy eer alleen en vir die uitbreiding van Sy Koninkryk, julle ewige beloning wag op julle! Onthou om Hom elke dag te loof en Hom vir die onmoontlike te glo want deur dit te doen sal jy blydskap vir Hom bring.

Baie liefdegroete.

*Dr James*

*(Vervolg vanaf Bl 6 - - Die Blydskap van die Here….)*

dankbare hart teenkom, iemand wat sy seëninge tel. Hy is altyd teenwoordig wanneer Hy iemand sien wat weet hoe om hom altyd en in alle dinge te verheug. Hy is altyd teenwoordig wanneer Hy iemand hoor wat Hom met sy hele hart prys, ongeag die omstandigheid. En waar die Here teenwoordig is, so is Sy krag om vir jou te werk!

Laat ons daarom opnuut en verfris hierdie September maand begin en met dankbare, vreugdevolle, juigende harte elke dag begin deur die Here te prys vir Sy Goedheid en Sy wonderlike liefde vir ons! Loof Hom met elke geleentheid, in jou motor terwyl jy bestuur, in die stort of bad of wanneer jy in die tuin gaan stap. Neem 'n besluit om elke week 'n nuwe Skrif vers, wat die Here prys, van buite te leer. Sê dit dikwels hardop gedurende die dag en in slegs een jaar sal jy 52 lewegewende verse in die Bybel gememoriseer het. Jy kan dit doen, ongeag jou ouderdom! Begin vandag, omdat die Here se lofprysings volk 'n oorwinnende volk is en Sy blydskap is hulle krag!

**verlos.**

**1 Kor. 15:57: Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus.**

**Ps. 22:4: Tog is U die Heilige wat woon onder die lofsange van Israel!**

**1 Pet. 2:9: Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig.**

**1 Thess. 5:18: Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.**

**Ps. 98:4: Juig voor die HERE, O ganse aarde, breek uit en psalmsing!** □

**Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.**
**1 Thess. 5:18:**

**Skrif:**

**Ps. 5:12: Maar laat húlle almal bly wees wat by U skuil; laat hulle vir ewig jubel, en beskut U hulle; en laat in U juig die wat u Naam liefhet.**

**Ps. 7:18: Ek wil die HERE loof na sy geregtigheid en die Naam van die HERE, die Allerhoogste, psalmsing.**

**Ps. 9: 2-3: Ek wil die HERE loof met my hele hart; ek wil al u wonders vertel. In U wil ek bly wees en juig; ek wil psalmsing tot eer van u Naam, O Allerhoogste.**

**Ps. 13:6 : Maar ek- op u goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor u heil. Ek wil sing tot eer van die HERE, omdat Hy aan my goed gedoen het.**

**Ps. 18:4 : Ek roep die HERE aan wat lofwaardig is, en van my vyande word ek**